

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek kyk vandag na die belasting op buitelandse inkomste. Dit is vir my duidelik dat 'n wetswysiging verlede jaar baie mense onkant betrap het.

Maar meer frustrerend vir my as belastingpraktisyn wat kliënte adviseer, is die snert veral daar in die Arabiese Emirate, wat aan Suid-Afrikaners afgesmeer word deur slimjanne wat duidelik geen benul van ons belastingwette het nie.

En dan die koppigheid van sommiges om net dit te glo wat hulle wil, nie wat vir hulle gewys word nie.

So, vir die wat in die buiteland hul inkomste verdien, of wie se kinders daar hul potjie moet krap, hier is die feite.

Alle Suid-Afrikaanse inwoners is hier belastingpligtig. Dit maak nie saak waar jy jou geld verdien nie, jy betaal belasting in Suid-Afrika op jou wêreldwye inkomste. Dit geld eweneens belasting op kapitaalwinste. By dood word jou wêreldwye bates ingebring vir boedelbelasting.


Vandag bepaal ons ons by inkomstebelasting.

Trane kom nog

Inkomstebelasting word bereken op belasbare inkomste volgens die heersende belasting skaal op die bedrag ter sake. Om jou belasbare inkomste te bepaal moet daar eers gekyk word na of daar vrystellings is, byvoorbeeld die rentevrystelling (R23 800 vir mense onder 65 en R34 500 per jaar vir diegene bo 65) en aftrekkings, byvoorbeeld bydraes tot 'n uitreënnuëteit (die minste van R350 000 of 27,5% van inkomste per jaar). Die vrystelling wat geld op 'n deel van 'n salaris wat in die buiteland verdien word, vorm die kern van my raad vandag.

Dit is iets wat baie mense hoofbrekens besorg. Nie omdat die wet onduidelik is nie, maar ongelukkig soms ook omdat hulle hul ore uitleen aan oningeligte "raadgewers" en net hoor wat hulle wil hoor. Dit lei uiteindelik daartoe dat hulle belasting ontduik, wat nog tot groot trane vir baie gaan lei.

Eers bietjie agtergrond. Die inkomste-



Só werk belasting op buitelandse inkomste

Dié kwessie is iets wat baie mense hoofbrekens besorg

belastingwet (Wet 85 van 1962) is sedert 2000 gewysig deur art. 10(1)(o)(ii) wat sekere inkomste (let wel sekere inkomste, nie alle inkomste nie) wat in die buiteland verdien word, vrystel van inkomstebelasting.

Die goedbedoelde rede hiervoor was om 'n dubbele belastingrisiko vir Suid-Afrikaanse inwoners wat in die buiteland werk te probeer hanteer.

Ongelukkig het dit gelei tot 'n effektiewe dubbele belastingontduiking en daarom is sedert 1 Maart verlede jaar 'n beperking op dié vrystelling geplaas. Net R1,25 miljoen buitelandse inkomste per jaar is nou vrygestel in sekere gevalle.

Net om te wys dat dit nie 'n sommerso toegewing is nie, dit is 'n direkte belastingvoordeel van R425 271 teenoor iemand wat nie vir die vrystelling kwalifiseer nie (soos almal van ons hier by die huis). En dan kla baie nog en probeer hulle met allerhande truuks en selfs 'n paar leuens om hul belastingpligte te ontduik.

Die tersaaklike feite

Dit is net salaris-tipe vergoeding (ingesluit onder meer bonusse) wat vir die vrystelling kwalifiseer. Dit moet gelewer word vir 'n werkgewer, daar moet dus 'n werknemer-werkgewer-verhouding wees.

En wel deur 'n inwoner (in die normale sin van die woord) van Suid-Afrika.

As jy dus as kontrakteur werk, of 'n eie saak daar bestuur, of 'n direkteur van 'n maatskappy daar is, geld die vrystelling nie. Inkomste verdien met buitelandse beleggings kwalifiseer ook nie.

Om verder vir die vrystelling te kwalifiseer, moet jy vir 183 dae in 'n 12-maande-periode in die buiteland werk. Let wel, werk, dit geld nie dae in hierdie tyd wat jy érens vakansie hou nie. Van die 183 dae moet 60 dae aaneenlopend wees.

Met dit uit die weg, kom ons by die vraag van inwonersstatus. Dit lyk my dit word in sommige oorde beskou as iets waaroor jy 'n keuse het.

Die eerste vereiste is of jy 'n gewone inwoner (*ordinarily resident*) van Suid-Afrika is (en dus belastingpligtig hier). Die wet en 'n rits hofsake is duidelik hieroor.

Kortliks, dit is die plek waarheen jy terugkom ná al jou omswerwinge. As jy dus in die buiteland werk en jou huis, jou vrou, jou kinders en basies alles wat jy het, is in Suid-Afrika, is jy hier belasbaar. Basta verder.

Waar is jy belastingpligtig?

Daar is 'n tweede definisie om te bepaal of iemand hier belastingpligtig is. Dit geld net as die persoon nie " 'n gewone inwoner" is nie. Dit is die fisieke teenwoordigheidstoets oftewel die sogenaamde 91-dae-toets.

As 'n nie-inwoner 91 dae gemiddeld per jaar oor vyf jaar met 'n totaal van 915 dae in die land teenwoordig is, is hy hier belastingpligtig.

Daar is nie 'n keuse tussen die twee nie. Die feit dat iemand vir minder as 90 dae in 'n jaar in Suid-Afrika was, maak hom nie 'n nie-inwoner vir belasting nie.

Hierdie toets is nie 'n uitsluitingstoets nie. Dit 'n toets om iemand in te sluit wat nie gewoonlik hier 'n inwoner is nie, om te verseker dat so 'n persoon sy kant bring met belasting, soos almal van ons. En laastens, ja, jy moet elke jaar 'n belastingopgawe indien, al is jou buitelandse salaris minder as die vrygestelde perk van R1,25 miljoen.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**